**Die storie agter die storie agter die storie**

**Jes 44:28-45:13**

**1 September 2024**

1. Vantevore: Studie oor die Sinaiverbond voltooi met ‘n studie oor die tabernakel/tempel tema
2. Wat wil die Here bereik met al die storielyne wat besig is om te ontwikkel?
    a. Storielyne in die openbaringsgeskiedenis – tempel, rol van die koning, verbonde
    b. Storielyne in wêreldgebeure
    c. Storielyne in die kerk se bestaan
    d. Storielyne in persoonlike lewe
    e. Die Here bewerk al die dinge (Jes 45:7)
3. Die storie van Kores, en die storie agter die storie (Jes 44:28-45:13)
    a. Kores het Babel oorwin, en die volk toegelaat om terug te gaan na hulle land om die tempel te herbou (Esra 1:1-4)
    b. Twee nuusbladstories: (1) Kores oorwin Babel (2) Stuur volk om tempel te herbou
    c. Derde storie: Dit is vooruit aangekondig! (Jes 44:28, 45:1-3)
    d. Storie agter die stories: (1) Kores moet leer die Here is die Verbondsgod (2) Die Here is besig om verder te werk met Sy volk – ontwikkeling in tempeltema
4. Die storie agter die storie agter die stories van Kores (Eseg 36:16-32)
    a. V16-19: Die volk is in ballingskap gestuur oor hulle verkeerde optrede
    b. V20-21: Die nasies kon dink dat die Here nie in beheer van Sy volk was nie
    c. V22-23: Die Here gaan optree...
    d. V24-28: Die volk sal terugkeer na hulle land, die Here sal hulle reinig en heilig (dit is die storie agter die storie)
    e. V22-23: Die Here tree op ter wille van Sy heilige Naam deur die volk te reinig/heilig, om vir die nasies te wys Hy is heilig (dit is die storie agter die storie agter die stories)
    f. Storie = wêreldgebeure/persoonlike ervarings; Storie agter die storie = die Here bou aan Sy ware tempel; Storie agter die storie agter die storie = die Here maak Homself bekend
5. Die Here se handelinge met Israel (Rom 9:1-23)
    a. V6-13: Isak en Jakob was uitverkies voor hulle geboorte, Ismael en Esau nie
    b. Is dit nie onregverdig nie? Hoekom verkies die Here nie almal nie? Hoekom het die Here nie voorkom dat daar sonde is nie?
    c. V17-18: Die Farao is deur die Here aangestel (soos Kores) – sodat die Here Sy krag kan vertoon – die Here maak Homself bekend deur Sy werk met Farao
    d. V19-23: Die Here is Pottebakker en Hy maak twee tipes voorwerpe:
        - Voorwerpe vir onedele gebruik – bv Farao, Ismael, Esau – om Sy krag en toorn te vertoon
        - Voorwerpe vir edele gebruik – bv Kores, Isak, Jakob – om die rykdom van Sy heerlikheid te vertoon
    e. God het die mens sonder sonde en met ‘n vrye wil geskep – daarom is dit regverdig as die Here sondegevalle mense laat verlore gaan – dit vertoon die Here se toorn
    f. As die Here sommiges red, vertoon dit die Here se genade (Hoe sou die Here Sy genade kon vertoon as daar nie sonde was nie?)
6. Die Here openbaar Homself – sodat ons Hom met inhoud kan aanbid en verheerlik
7. Wat leer jy uit jou lewensstorie (1) oor jou verlossing as lewende klip, en (2) oor die Here?